**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**TIK SG**
**(Tweede Vraestel)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE:**

LEES DIE ONDERSTAANDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR VOORDAT JY MET DIE VRAESTEL BEGIN.

- Tik jou eksamennommer bo-aan elke vel wat jy vir jou antwoorde gebruik.
- Begin elke vraag op ? afsonderlike vel papier.
- Rangskik jou antwoorde in die korrekte numeriese volgorde in die eksamenomslag.
- Indien jy die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets in Afrikaans beantwoord, moet jy Vraag 2, 3, 4, 5, 6, 7 en 8 ook in Afrikaans beantwoord.
- Gaan asseblief jou getikte antwoorde noukeurig na.
- Die opsieners sal jou inlig in verband met Vraag 1.
- Voltooi eers Vraag 1 en dien dit in voordat jy met die ander vrae begin.

**INSTRUKSIES AAN OPSIENERS:**

1. Voorsien elke kandidaat van agtien velle A4-papier (80g), in die eksamenomslag voor die aanvang van die eksamen.
2. Die tikopvoeder moet verseker dat alle tikmasjiene in goeie werkende toestand is.
3. Geen kool- of korrigeerlint mag tydens die eksamen gebruik word nie.
4. Dit is noodsaaklik dat ? tikopvoeder vir die duur van die eksamen een van die opsieners in die tiklokaal moet wees om hulp te verleen indien ? tikmasjien onklaar sou raak.
5. Kandidate moet ten minste 15 minute voor die aanvang van die eksamen aanmeld.
6. Kandidate moet toegelaat word om eers vir ongeveer 10 minute deur die vraestel te lees voordat hulle met Vraag 1 begin. Hulle mag lyne trek en woorde onderstreep.
7. Beide opsieners moet in besit wees van ? stophorlosie. Die vasgesteldetyd-noukeurigheids-toets moet deur die tikopvoeder waargeneem word. Opsieners mag nie gedurende die afneem van hierdie toets tussen die kandidate rondbeweeg nie.
8. 8.1 Alvorens kandidate met die vraestel begin, moet hulle opdrag gegee word om hulle eksamennommers bo in die REGTERHOEK van die papier wat vir die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets gebruik gaan word te tik. Nadat al die kandidate hierdie instruksie uitgevoer het, word die teken gegee om met die toets te begin.
   8.2 Sodra die toegestane tyd vir die noukeurigheidstoets verstreke is, moet die opsiener al die toetse opneem en sy/haar voorletter na die LAASTE GETIKTEWOORD OP ELKE BLADSY PLAAS. Al die bladsye wat ? kandidaat gebruik het om Vraag 1 te beantwoord moet aanmekaar vasgekram word. SLEGS VRAAG 1 SE ANTWOORDBLADSYE WORD AANMEKAAR VASGEKRAM.
   8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die opsiener om elke kandidaat se vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets na afloop van die eksamen in die korrekte individuele eksamen-omslag te plaas.
9. Tydens die afneem van die res van die vraestel moet beweging tussen die kandidate beperk word tot die uitreiking van addisionele papier, probleme met tikmasjiene, ensovoorts.

## VRAAG 1

## TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS [60]

Die tydnoukeurigheidstoets moet in dubbel- of 1½-reëlafstand op slegs een kant van die bladsy getik word. Gebruik kantruimtes van 10º. ? Minimum van 35 w.p.m. word verwag en die grense word deur (…..) aangedui.

**TYD: 10 minute**

Die mens se bestaan wentel voortdurend om die bevrediging van sy talryke behoeftes, fisiek sowel as sielkundig. En die taak wat elke lid van die gemeenskap verrig, hou direk of indirek met die bevrediging van behoeftes verband, want in elke uithoek van die wêreld waar mense leef, bestaan daar ? behoefte aan produkte en dienste. Die behoeftes kan eenvoudig en minimaal wees soos in die geval van ? primitiewe gemeenskap waar die individu of gesin met die hulp van die natuur oor die nodige vermoë beskik om ? eenvoudige behoeftestruktuur te kan bevredig. Die Kalahari-Boesman se lewenswyse wentel byvoorbeeld slegs om die bevrediging van die heel basiese behoeftes wat vir oorlewing nodig is. Of die behoeftes kan, soos in die geval van ontwikkelde gemeenskappe, veelvuldig en kompleks wees en dus komplekse instellings verg om in die behoeftestruktuur te voorsien.

? Behoefte kan van fisieke, sielkundige of sosiale oorsprong wees en dit skep ? toestand by die mens wat om bevrediging vra. As sodanig is dit duidelik dat ? onpeilbare aantal behoeftes geïdentifiseer kan word. Sommige behoeftes, veral die fisiologiese behoeftes, dui op die heel basiese behoeftes soos honger en dors wat ter wille van oorlewing bevredig moet word. Ander behoeftes, veral die sielkundige behoeftes, dui weer op dié dinge wat bloot die lewe aangenamer maak, maar nie ? voorvereiste vir oorlewing is nie. Voorbeelde hiervan is vakansies, videomasjiene, skottelgoedwassers, tennisbane, luukse motors en ? magdom soortgelyke produkte en dienste. Die basiese fisieke behoeftes

kan by geleentheid ook die sielkundige behoeftes bevredig,
soos ? mens klere ........................................ 35 w.p.m.
nie alleen vir beskerming dra nie, maar ook om in die mode
te wees, oftewel om sekere sielkundige behoeftes met
kleredrag te bevredig. Dit is ook die geval met eksotiese
kossoorte wat in ? luukse restourant saam met Constantia-
wyne ..................................................... 40 w.p.m.
geniet word. In hierdie omstandighede bevredig ? mens ?
basiese oorlewingsbehoefte sowel as ? sielkundige behoefte.

Maslow verduidelik die vraagstuk van die mens se wisselende
en onbeperkte behoeftes aan die hand van ? volgorde van ... 45 w.p.m.
behoeftes of ? behoeftehiërargie. Hiervolgens wissel die
mens se behoeftes in ? bepaalde volgorde van die
noodsaaklikste vir oorlewing tot die onbelangrikste. In
volgorde van belangrikheid wissel dit van die basiese
fisieke of fisiologiese .................................. 50 w.p.m
oorlewingsbehoeftes soos honger en dors tot die hoër vlakke
van die behoeftehiërargie wat veral met die sielkundige
behoeftes te make het. Die individu, en so ook sy
gemeenskap, sal die dringendste behoeftes eerste bevredig
en, wanneer dit ge-....................................... 55 w.p.m.

## VRAAG 2

Gebruik EEN vel A4-papier (LANDSKAP) om die tabel te tik. Alle vertikale lyne moet in ink met ? pen getrek word of met die tikmasjien getik word.

TYD: 20 minute **[30]**

Rentekoerse vir 2000 tot 200~~4~~5

| Einde van Maand | Deposito-rentekoerse | | | | | | Geld-lenings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Banke | Bouverenigings | | | Munisipale | Verband- | |
| | Vaste deposito 12 maande | Vaste deposito's | | | effekte | skemas | |
| | | 1 Jaar | 3 Jaar | 5 Jaar | | | |
| | % | % | % | % | % | % | R'000 |
| 31 Mei 2004 | 12,00 | 12,50 | 12,50 | 12,75 | 13,50 | 15,00 | 7 845 |
| 30 Junie 2004 | 12,75 | 12,75 | 13,00 | 13,25 | 14,75 | 15,00 | 3 225 |
| 31 Julie 2004 | 11,00 | 11,75 | 12,00 | 12,25 | 13,25 | 15,00 | 14 562 |
| 31 Augustus 2004 | 13,00 | 13,25 | 13,50 | 13,75 | 14,50 | 15,00 | 129 264 |
| Totaal | Nie van toepassing nie | | | | | | ~~254 896~~ 25 632 |

1 Die jaar 2000

2 Die jaar 2002

3 Die jaar 2004

## VRAAG 3

Tik die onderstaande tabel op een vel A4-papier. Horisontale lyne moet met die tikmasjien getik word. Alle vertikale lyne moet in ink met ? pen getrek word of met die tikmasjien getik word.

TYD: 15 minute **[20]**

← {2004 Interimresultate ‡ Groepbalansstaat} b/k

| | Junie ongeouditeerd | |
|---|---|---|
| | 2004 | 2003 |
| | R miljoen | R miljoen |
| Bates | | |
| Nie-bedryfsbates | 203 | 289 |
| Toerusting en Eiendom | 386 | 353 |
| Bedryfsbates | 168 898 | 146 910 |
| Handels- en ander debiteure | 168 604 | 146 721 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 294 | 189 |
| Totale bates | 169 284 | 147 552 |
| Ekwiteite en laste | 18 549 | 21 179 |
| Termynefinansiering | 20 220 | 27 282 |
| Uitgestelde belasting | 12 456 | 2 217 |
| Tegniese voorsienings vir Korttermynversekering | 673 | 4 951 |
| Bedryfslaste | 4963 | 223 |
| Totale ekwiteite en laste | 150 735 | 126 373 |

del|

## VRAAG 4

Gebruik die briefhoof en tik die OMSENDBRIEF korrek. Slegs TWEE briefhoofde word aan elke kandidaat voorsien.

TYD: 30 minute **[50]**

Omsendbrief ADC

Datum: 5 September 2006

Navrae: Prof Zukiswa

Aan : Alle Personeel

Aansoeke om die volgende vakante pos sluit 14 Februarie 2007 |b.k.

del| ~~Universiteit van Johannesburg~~ UJB is daartoe verbind om benewens meriete, kwalifikasies, ervaring en bewese prestasies, die potensiaal van individue of groepe wat histories benadeel is by aanstelling in ag te neem.

b.k. [Sentrum vir onderrig, leer en assessering /;
Instruksionele ontwerper;
Permanente pos

1. Pligte /del

1.1 Geïntegreerde kursusontwerp en -ontwikkeling vir die daarstelling van leerpakkette vir multimodale onderrig, leer en assessering.

1.2 Ondersteuning en opleiding van dosente, tutors en studente in die implementering van die multimodale onderrig- en leerstrategie.

2. Vereistes /del

2.1 n onderwysgraad Toepaslike. /trs

2.2 Goeie kennis van en bedrewenheid in die sagtewareprogram WebCT of soort gelyke programmatuur. |

*2,3 Goeie Kennis van instruksionele ontwerp en die ontwikkeling van multimedia, insluitend Kompakte laserskywe (CD-ROM's) en gepaardgaande ontwikkelingsprogramme soos Flash, Quest, Authorware, ens.

*2,4 Minstens 1 jaar ondervinding in geïntegreerde /voluit
Kursusontwerp en -ontwikkeling vir multimodale onderrig, leer en assessering in 'n Tersiêre Onderwysomgewing. /ok

*2,5 Ervaring in ontwerp en ontwikkeling van leermateriaal gebaseer op projekbestuursbeginsels.

*2.6 Minstens een jaar ondervinding in opleiding en ondersteuning aan personeel en studente in 'n tersiêre onderwysomgewing.

Aanbeveling:
*' n Nagraadse Kwalifikasie in rekenaargesteunde onderwys of 'n verwante rigting. /del

Diensaanvaarding:
*So gou moontlik.

3. Navrae /del

Mededingende byvoordele is beskikbaar.

Alle administrasie met betrekking tot die vulling van nie-akademiese ~~poste~~ werke word deur Nompumelelo /stel //in Werwingsagentskap hanteer, ontvangserkenning, //wat skedulering van aansoeke asook die Kommunikasie aan onsuksesvolle Kandidate insluit.

Stuur asseblief 'n volledige CV (waarin onder andere ook melding gemaak word van u huidige salariskerf en verhogingsdatum en minstens drie referente met betrokke

telefoonnommers) aan die Hoofdirekteur: Menslike

Hulpbronne, Ered 2. /bk

Meld asseblief duidelik die pos waarvoor u aansoek doen -

die ~~Universiteit~~ UJB aanvaar geen verantwoordelikheid vir /del

aansoeke wat nie aan dié vereiste voldoen nie.

(Get.) S Shongwe

Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne ~~Personeel~~ /del

Tikster
Verander * na nommers bv 1.1

**VRAAG 5**

Tik die onderstaande notule van ? vergadering van aandeelhouers.

TYD: 30 minute **[40]**

Notule van die twaalfde Algemene Jaarvergadering van Nedbank Dezign Banksake ~~is~~ wat op Vrydag, 9 April 2006, om 15:00 in die raadsaal, Ered 2, Auckland Park gehou is. /hk

1. Verwelkoming
   Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig.
2. Notule van vorige vergadering
   Die notule van die vorige vergadering word gelees en as korrek aanvaar.

del/ 3. Nedbank Dezign Banksake ~~bied jou~~: /Voordele van

del/ 3.1 Dit is wat 'n tjekkaart doen

'n Tjekkaart werk soos 'n debietkaart deur jou ~~geld~~ kontant te /stel bespaar en jou groter finansiële beheer te bied.

Daarbenewens skakel dit die sekuriteitsrisiko uit wat met die saamdra van kontant verband hou, en gee dit jou ander toegevoegde voordele, gratis insluitende /trs reisversekering.

3.2. 'n Koste-effektiewe betaalmetode

Wanneer jy jou tjekkaart vir betalings gebruik, betaal jy 50% minder diensgelde as wanneer jy 'n tjek vir dieselfde bedrag uitskryf.

del/ 3.3. Gratis reisdekking

Wanneer jy jou tjekkaart gebruik om vliegtuigkaartjies te koop, kwalifiseer jy outomaties vir gratis reisversekering, wat ongeluks-en mediese onkoste dek.

3.4. Veiligheid

Dit is onnodig om groot bedrae Kontant met jou saam te dra - jou tjekkaart is al wat jy nodig het om vir jou allesdaagse basiese behoeftes en luukse items te betaal. /del

3.~~5~~2 ~~0~~ Slim finansiële beheer /del

Omdat jou tjekkaart aan jou lopende rekening gekoppel is, word jou uitgawe byna onmiddellik ~~gedebiteer~~ gekrediteer en op jou /stel state weerspieël, waardeur jy jou uitgawes kan moniteer en beheer.

3.~~40~~ 3 Geniet toegang tot noodkontant ~~geld~~ /del

Om jou ~~oortrekking~~ oortrokke /ʌ bank rekening teen dood, ongeskiktheid of uitdiensstelling te verseker, asook om groter gemoedsrus te geniet, skakel 0860 263 543 of stuur 'n e-pos na customerservices@boelife.co.za om oor Nedbank se ~~oortrekkings~~versekering te vra.

del/ Vir 'n geringe bedrag van R3,30 per R1 000, of deel daarvan, wat verseker word, sal jy dekking ontvang wat onderskryf word deur BoE Lewensversekeringsmaatskappy Beperk, 'n Nedcor gesamentlike onderneming wat op jou Kredietbeskerming ingestel is.

4. Sluiting

Die vergadering het om 18:00 geëindig.

VOORSITTER 45°

SEKRETARIS

Datum

**VRAAG 6**

Tik die eerste bladsy van die HUURKONTRAK op A4-papier.

TYD: 20 minute **[30]**

Huurkontrak van roerende eiendom /λ on
(Huis/Woonstel/Meenthuis)
Memorandum van ooreenkoms aangegaan deur en tussen: /bk
Paul Giannakopolous
(Hierna die Verhuurder ~~genome~~ genoem) /bk
van 21 Cedarweg, Springs, ~~2001~~ 1559 /del
en
Peter Nkobe, (Identiteitsnommer 481011 0131 084), (Hierna die Huurder genoem) /bk
van 117 Salmonweg, Soweto, ~~2001~~ 1804 /del
Die Verhuurder verhuur hiermee aan die Huurder: /bk
1. Huurperseel 1.1 Meenthuis nommer 1 in die gebou
bk/ bekend as goddess, geleë te Cedarweg 21, ~~Springs~~ in die dorpsgebied van Springs.
2. Huurgeld 2.1 Die huurgeld bedra R2 000 (tweeduisend rand) per maand en is maandeliks vooruitbetaalbaar of voor op die 3de dag van elke /tr kalendermaand. te Cedarweg 21, Springs, of sodanige /del ander adres as wat die Verhuurder mag bepaal. 2.2 Die huurgeld is onderworpe aan 'n verhoging van 10 % (tien persent) per jaar. ~~van die 1st dag van Desember van elke jaar~~ /del
3. Huurtermyn 3.1 Die huurkontrak word vir 'n termyn van 12 (twaalf) kalendermaande gesluit en die
λ eerste/ termyn begin op die λ dag van Desember 200~~1~~5 en dit

verstryk om middernag / die dertigste dag van /kop
November 2006.

as getuies

1. ---------------- ------------
Huurder

2. ---------------- ------------
Verhuurder

## VRAAG 7

Tik die onderstaande verslag en gebruik die korrekte uiteensetting.

TYD: 30 minute **[40]**

Afgri Beperk

Dit is 'n voorreg vir die direkteure om die interim

del/ resultate vir die 6 maande geëindig 31 Augustus 200~~4~~5 aan /voluit

Afgri se aandeelhouers aan te bied.

[Die afgelope twee jaar het vir beide produsente en verwerkers goeie resultate gelewer. Die sterk rand, wesenlik laer kommoditeitspryse en ongewone weersomstandighede het egter die tafel gedek vir 'n moeilike landboujaar. Afgri bestuur hierdie ongunstige omstandighede deur die verfyning van sy struktuur ten einde dienste verder te verbeter en om vaste koste te verminder. /del

Vorige jaar aansuiwering

Afgri was een van die eerste maatskappye wat AC133, 'n /bk

uitsonderlik gekompliseerde en moeilike ~~rekeningkundige~~ boekhou /stel

standpunt, geïmplementeer het. Sedert die vrystelling

van die resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 200~~4~~5, /del

bk/ was Afgri ʌ staat om die AC133-model en die inligting wat /ʌ in

gebruik is om die impak op die resultate van 28 Februarie

200~~4~~5 te bereken, te verfyn en te hersien ten einde die / del

resultate van die Graanverhandelingsdivisie meer akkuraat weer te gee.

Die resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2004 is aangepas en die effek van hierdie vorige jaar aansuiwering verlaag wins na belasting met R63 miljoen, /del

wesensverdienste per aandeel met 19,0 sent na 66,2 en netto tasbare batewaarde per aandeel met 19,4 sent na 371,9 sent. /ble

Omset op dieselfde vlak

Afgri se omset het vir die eerste ses maande op dieselfde vlak as dié van die periode vergelykbare in die vorige jaar gebly. /tp Dit is hoofsaaklik as gevolg van laer Kommoditeitspryse in die Veevoer ~~besigheid~~ bedryf en laer verkope /ok van Katoen na aanleiding van die sterk Rand.

Hierdie dalings is geneutraliseer deur verhoogde om set in die graanhantering en bergings-, braaikuiken /hs Benodighede- en Finansieringsdivisies.

Wesensverdienste per aandeel verhoog met 86,2%

Nieteenstaande die stadiger groei in omset het Afgri se wesensverdienste, gebaseer op die aangepaste resultate van die ooreenstemmende periode in die vorige jaar, met 86,2% gestyg, hoofsaaklik weens 'n toename van oordra graanvoorraad in bergingsfasiliteite, uitstekende resultate deur Veevoere ~~en~~ Earlybird Farm en die feit dat Afgri se Graanverhandelingsdivisie winsgewend vir die huidige ses maande verslagdoeningsperiode is. Die Finansieringsdivisie het deur middel van 'n groei in die debiteureboek, goeie resultate behaal.

Direksie

Mnr M E King het gedurende die periode as direkteur bedank. /⊂

Op las van die Raad

del/ ~~Mnr~~ J D Wright, Besturende Direkteur /⊂

Sit korrek uiteen.

**VRAAG 8**

Tik die volgende testament.

TYD: 20 minute **[30]**

Testament van een persoon
Quentin Loyiso (650423 5678 098)
Hetsy getroud of ongetroud. /ok
~~Aan wie dit mag aangaan~~ /del
Ek, die ondergetekende, van Maryweg 75, ~~en~~ herroep hiermee /del
alle vorige testamentêre beskikkinge en verklaar dat dit
my laaste wil en testament is:

C/ 1. Hier mee verklaar, benoem en nomineer ek Christopher Marcel as die enigste en **algehele** erfgenaam van my boedel, roerend of onroerende goedere, hetsy in besit, terugkerend, in oorskot of in afwagting, niks uitgesonder nie.

2. Ek benoem verder Ashton Ruth Abrahams as Eksekuteur van hierdie Testament, en verleen aan haar alle mag en outoriteit, vernaamlik die van assumpsie, deur die wet toegelaat.

bk/ 3. Ek versoek verder die meester van hooggeregshof om die genoemde Eksekuteur vry te stel van sekuriteit vir die administrasie van my boedel.

Gedateer te ~~Gauteng~~ Johannesburg hierdie 29ste dag van Augustus in die jaar van 200~~7~~5.

stet/ [Geteken en erken as ~~haar~~ sy laaste Wil en Testament in die teenwoordigheid van ons, die ondergetekende Getuies,
stet/ synde terselfdertyd teenwoordig, en wat op ~~haar~~ sy versoek

en in ~~haar~~ sy teenwoordigheid ons handtekeninge hieronder geplaas het.

Tikster: Maak voorsiening vir handtekeninge van getuie en Testateur.

**EINDE**

# *UJB UJB UJB UJB UJB UJB*


**Tel: (011) 967-6543**
**Faks: (011) 967-6000**

**Posbus 45**
**SANDTON**
**2091**

# UJB UJB UJB UJB UJB UJB

Tel: (011) 967-6543
Faks: (011) 967-6000

Posbus 45
SANDTON
2091